

Mediaverklaring

SOS eis nasionale ondersoek na matriekuitslae vir Besigheidstudies

2019-01-19

Die Skoleondersteuningsentrum (SOS) het die afgelope twee weke honderde klagtes ontvang vanaf skole landswyd, met betrekking tot die 2018-matriekuitslae in Besigheidstudies.

In baie gevalle verskil uitslae van die matriekeksamen drasties van leerlinge se jaarpunte en in sommige gevalle het skole se slaagsyfers vir Besigheidstudies amper halveer sedert Junie verlede jaar.

“Daar is sedert 2014 ’n stelselmatige afname in die slaagsyfer en aantal onderskeidings in Besigheidstudies tydens die matriek- eindeksamen. Onderwysers kry geen antwoorde vanaf die Departement van Basiese Onderwys (DBO) in dié verband nie en voel hul klagtes val op dowe ore,” sê Hugo Vermeulen, onderwyskenner verbonde aan die SOS. “Sommige leerders het selfs universiteitskeuring en beurse verbeur omdat hul toelatingspuntetelling (TP-telling) skielik te laag is, weens die swak Besigheidstudie-uitslae.”

Die SOS weet van ’n hoërskool in Mpumalanga wie se matriek-gemiddeld vir Besigheidstudies sedert 2017 met 21 persentasiepunte gedaal het (van 48% tot 27%), sonder dat enige geldige rede daarvoor gevind kan word. ’n Hoërskool in Gauteng het nege keer meer druipepinge vir Besigheidstudies in die eindeksamen (19), as in die rekordeksamen (2) gehad. Geen kandidate aan dié skool het onderskeidings vir Besigheidstudies behaal nie, terwyl drie leerlinge onderskeidings tydens die rekordeksamen behaal het.

In die lig hiervan het die SOS Donderdag 17 Januarie in Centurion met Besigheidstudie-onderwysers vergader. Onderwysers so vêr as Louis Trichardt het die geleentheid bygewoon.

Die SOS het ook reeds ’n formele klagte by die DBO aanhangig gemaak en ’n vergadering met senior beamptes van die DBO aangevra, ten einde hierdie klagtes met die verantwoordelike amptenare te bespreek. Die vergadering tussen die SOS en DBO vind op Donderdag, 24 Januarie plaas. Tydens hierdie vergadering sal die SOS soveel moontlik inligting aan die departement verskaf en ’n petisie oorhandig, ten einde te eis dat ’n nasionale ondersoek na die uitslae in Besigheidstudies gedoen word.

Onderwysers en skole wat klagtes het, word aangemoedig om die SOS se petisielys te onderteken deur die skakel <https://skole.co.za/petisie/> te volg en die vorm in te vul. Deur hierdie petisie te teken gee onderwysers hul steun aan die SOS se veldtog om ’n nasionale ondersoek na die uitslae in besigheidstudies te eis.



012 612 0234



admin@skole.co.za



Von Willichlaan 284, Die Hoewes, Centurion

“Die SOS eis ‘n dringende en volledige hermerk en hersiening van alle provinsies se uitslae in Besigheidstudies. Dit is noodsaaklik dat die DBO erken as daar ‘n fout was en die saak so spoedig moontlik regstel,” sê Melanie Buys, onderwyskenner aan die SOS.



012 612 0234



admin@skole.co.za



Von Willichlaan 284, Die Hoewes, Centurion

www.skole.co.za

